LAERSKOOL BRENTWOODPARK

NASKOOLSENTRUM

ONS STEL BELANG OM ONS KIND / KINDERS BY DIE NASORG IN TE SKRYF

VANAF :_____tot_____2026.

FOOIE VIR 2026 - **Registrasie = R300 per kind betaalbaar met inskrywing.**

(13:00-18:00)	PER JAAR	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	MERK
VOLDAG													
1ste KIND	R17 600	1600	1600	1600	1600	1600	1600	1600	1600	1600	1600	1600	
2de KIND	R14 630	1330	1330	1330	1330	1330	1330	1330	1330	1330	1330	1330	
3de KIND	R13 860	1260	1260	1260	1260	1260	1260	1260	1260	1260	1260	1260	
HALFDAG													
1ste KIND	R12 320	1120	1120	1120	1120	1120	1120	1120	1120	1120	1120	1120	
2DE KIND	R11 000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	
3de KIND	R11 000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	1000	
Voldag (13:00-18:00)	R120	PER KIND / PER MIDDAG											
Halfdag (13:00-15:30)	R100	PER KIND / PER MIDDAG											

BESONDERHEDE VAN KIND/KINDERS:

VAN	NAAM	GRAAD

BESONDERHEDE VAN OUERS:

	VADER / VOOG	MOEDER / VOOG
VAN:		
NAAM:		
SEL NR:		
WERK NR:		
HUIS NR:		
ADRES:		

HANDTEKENING VAN OUER/VOOR: _____ DATUM: _____

LAERSKOOL BRENTWOODPARK

NASKOOLSENTRUM

AANSOEKVORM VIR TOELATING TOT DIE NASORGSENTRUM

2026

A. LEERDERINLIGTING:

Eerste kind	**Tweede kind**
1. Van :	1. Van :
2. Volle voorname :	2. Volle voorname :
3. Geboortedatum :	3. Geboortedatum :
4. Graad :	4. Graad :
5. ID nommer :	5. ID nommer
6. Fisiese woonadres :	6. Fisiese woonadres :
7. Algemene Inligting **(Geen medikasie mag aan leerders gegee word nie!)**	7. Algemene inligting **(Geen medikasie mag aan leerders gegee word nie!)**
7.1 Allergieë (medikasie)	7.1 Allergieë (medikasie)
7.2 Allergieë (voedsel)	7.2 Allergieë (voedsel)
7.3 Enige ander inligting (bv gesondheidsprobleme)	7.3 Enige ander inligting (bv gesondheidsprobleme)
7.4 Buitemuurse aktiwiteite :	7.4 Buitemuurse aktiwiteite :

Derde kind	**Vierde kind**
1. Van :	1. Van :
2. Volle voorname :	2. Volle voorname :
3. Geboortedatum :	3. Geboortedatum :
4. Graad :	4. Graad :
5. ID nommer :	5. ID nommer
6. Fisiese woonadres :	6. Fisiese woonadres :
7. Algemene Inligting **(Geen medikasie mag aan leerders gegee word nie!)**	7. Algemene inligting **(Geen medikasie mag aan leerders gegee word nie!)**
7.1 Allergieë (medikasie)	7.1 Allergieë (medikasie)
7.2 Allergieë (voedsel)	7.2 Allergieë (voedsel)
7.3 Enige ander inligting (bv gesondheidsprobleme)	7.3 Enige ander inligting (bv gesondheidsprobleme)
7.4 Buitemuurse aktiwiteite :	7.5 Buitemuurse aktiwiteite :

B. OUERINLIGTING:

VADER / VOOG	MOEDER / VOOG
1. Van :	1. Van :
2. Volle voorname :	2. Volle voorname :
3. ID nommer :	3. ID nommer :
4. Fisiese woonadres (Indien verskil van kind)	4. Fisiese woonadres (Indien verskil van kind)
5. Telefoon (W)	5. Telefoon (W)
(Sel)	(Sel)
Epos Adres:	Epos Adres:
6. Huwelikstatus:Getroud /Geskei /Ongetroud	6. Huwelikstatus : Getroud /Geskei /Ongetroud
7. Verwantskap (Indien voog):	7. Verwantskap (Indien voog):
8. Werkgewer :	8. Werkgewer :
9. Huisdokter :	9. Huisdokter :
Tel nommer :	Tel Nommer :
10. Mediese fonds :	10. Mediese fonds :
Nommer :	Nommer :

C. ANDER INLIGTING

1. Kontakbesonderhede tydens nood	
Eerste persoon	**Alternatief**
1.1 Naam en Van :	1.1 Naam en Van :
1.2 Verwantskap :	1.2 Verwantskap :
1.3 Tel nommer (H)	1.3 Tel nommer (H)
(W)	(W)
(Sel)	(Sel)
1.4 Fisiese adres :	1.4 Fisiese adres :
2. Indien kind nie deur ouers afgehaal word nie, verstrek volle besonderhede :	
Eerste persoon	**Tweede persoon**
2.1 Volle naam en Van :	2.1 Volle naam en Van :
2.2 Fisiese adres :	2.2 Fisiese adres :
2.3 Tel nommer (H)	2.3 Tel nommer (H)
(W)	(W)
(Sel)	(Sel)
2.4 Verwantskap :	2.4 Verwantskap :

A. VERKLARING: meegaande dokument "Nasorgsentumreëls" vervat is. Ek onderneem om my daarby te hou en neem **veral** kennis van die volgende :

1.1 Fooie: Sien Nasorgsentrumfooie vorm. STRENG VOORUITBETAALBAAR ELKE MAAND.

1.2 Alle fooie is by die skoolkantoor, of via EFT binne die eerste vyf dae van die maand, **vooruitbetaalbaar.** **Paraaf:** _____

1.3 As kinders uit die nasorgsentrum, vir minstens een volle maand, permanent of tydelik geneem wil word, moet ouers **'n maand voor die tyd die sentrum skriftelik daarvan in kennis stel.** **Paraaf:** _____

1.4 Ouers / voogde, wat van die nasorgsentrum gebruik wil maak, moet **twee dae voordat** die leerders gestuur word, met die nasorgsentum die nodige reëlings tref,sodat daar vir ekstra voeding voorsiening gemaak kan word.

Paraaf: _____

1.5 Ouers, voogde of verantwoordelike persone moet **elke dag die uittekenboek teken,**voordat hulle hul kinders in hul sorg kan neem. **Geen kind** sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat, sonder om uitgeteken te word nie.

Paraaf : _____

1.6 Ouers, voogde of verantwoordelike persone, wat hul kinders gedurende studietydwil kom haal, moet die leerders by die nasorg laat uitteken. Let asb op die volgende :

1.6.1 Geen kind sal hek toe gestuur word nie.

1.6.2 Nasorgleiers gaan roep kinders by die betrokke studieklasse. Ouers wag bydie nasorgsentrum.

Paraaf : _____

1.7 Die nasorgsentrum sal gedurende die skoolvakansies, behalwe die Desembervakansie, funksioneer. Ouers wat van hierdie diens gebruik wil maak, moet gedurende die skoolkwartaal vorms by die sentum ontvang, wat ingevul enteruggestuur moet word.

Die Nasorgsentrum is ook tydens Publieke vakansiedae gesluit.

Paraaf:_____

1.8 **Die nasorgsentrum sluit om 18:00 STIPTELIK**. Ons vra dat u hierdie tyd streng sal nakom, Nasorg sal stiptelik op hierdie tyd sluit en geen laat kom sal geduld word nie. Boetefooi sal betaalbaar wees teen R100.

Paraaf : _____

1.9 Indien ‘n kind deur enige persoon, direk na skool, of tydens die middag afgehaal word, bv vir partytjies, word **‘n toestemmingsbrief van die ouers**, waarin die naam en adres van die betrokke persoon en ook die tyd wat die kind afgehaal word, vereis.Dié persoon **moet** die uittekenboek teken.

Paraaf : _____

2. Ek, ouer / voog van die genoemde leerders in afdeling A, neem kennis van die reëls, soos onder die volgende hoofde in die dokument, “Nasorgsentrumreëls” uiteengesit is :

A. Nasorgsentrumreëls vir ouers
B. Reëls vir studieklasse
C. Algemene reëls vir leerders
D. Strafprosedures

Ek, die ondergetekende ouer / voog onderneem om my by die neergelegde reëls te hou. Ek onderneem om die reëls, wat op my kind/ers van toepassing is, met hulle te bespreek en hul te motiveer om by die reëls te hou. Verder berus ek my by die strafprosedures, wat daar moontlik teen my kind / kinders ingestel kan word.

_____ _____

HANDTEKENING OUER / VOOG **DATUM**

_____

NASORGHOOF

LAERSKOOL BRENTWOODPARK

NASKOOLSENTRUM – VRYWARING

VOLLE NAME EN VAN VAN LEERDER: _____

_____

VOLLE NAME EN VAN VAN OUER / VOOG: _____

_____

1. Alhoewel die leerder se veiligheid en welstand ten alle tye voorop gestel word, aanvaar die Bestuur, die Beheerliggaam, die Hoof, die Leerkragte en tydelike of permanente werknemers of vrywillige ouers van Laerskool Brentwoodpark en van die Naskoolsentrum geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid vir enige skade van welke aard ookal wat deur die vermelde minderjarige kind gelei word nie.

2. Die ouer doen hiermee onvoorwaardelik afstand van enige eis teen die bovermelde entiteite of individue. Hierdie vrywaring geld nie ten opsigte van agterlosigheid of growwe nalatigheid nie.

3. Die ouer vrywaar die Bestuur, die Beheerliggaam, die Hoof, die Leerkragte en tydelike- of permanente werknemers of vrywillige ouers van Laerskool Brentwoodpark en van die Naskoolsentrum van alle eise deur ander gemaak sou sodanige eise voortspruit uit opsetlike of nalatige optrede deur bovermelde minderjarige kind.

4. Die bovermelde entiteite of individue onderneem om met die nodige sorg en vaardigheid wat van die vermelde entiteite en individue onder normale omstandighede verwag word, na bovermelde minderjarige kind om te sien.

Geteken te_____op hierdie_____dag van_____20___

GETEKEN:_____(Moeder / Voog)

_____ (Vader / Voog)

NASORGBELEID

1. INLEIDING

Die Beheerliggaam, en daarmee die skool, beskou die nasorg as ‘n noodsaaklike diens watgelewer word. Die fasiliteite wat gebruik word behoort aan die skool. Personeel word deur die skoolhoof en beheerraad aangestel en besoldig.

2. BEHEER

Die nasorgsentrum funksioneer in samewerking met die skoolhoof en die nasorgpersoneel.

3. DOEL

Die beleid omskryf die verantwoordelikhede van partye rondom die verskaffing van ‘n nasorgdiens en sorg daardeur dat goeie orde gehandhaaf word en dat dissiplinêre maatreëls eenvormig toegepas word.

4 GEBRUIK VAN FASILITEITE

4.1 LIGGING

Die nasorgdiens word in die nasorgsentrum bedryf. Die gebruik van enige ander lokale is onderworpe aan die goedkeuring van die skoolhoof.

4.2 SPEELTERREIN

Die terrein in Vryburg straat word as speelarea vir nasorgleerders geag. Leerders moet so speel dat hulle gedurig in sig van die toesigpersoneel sal wees.
Geen ander areas, byvoorbeeld in die skoolgebou, by die sportvelde en parkeer area mag asspeelarea gebruik word nie.

4.3 BADKAMERS

Die badkamers by die nasorgsentrum moet deur die nasorgleerders gebruik word. Geenander badkamers (in die res van die skoolgebou) mag tydens nasorg gebruik word nie.

4.4 MEUBELMENT EN TOERUSTING

Die skool is verantwoordelik vir die verskaffing en instandhouding van meubels en toerusting soos benodig deur die nasorg.

4.5 TELEFOON

Die skool is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van ‘n telefoon vir die gebruik deur die nasorghoof.

5. VERSKAFFING VAN NASORGDIENS

Die bedryf en lewering van ‘n nasorgdiens aan die skool word toevertrou aan die persoon in beheer van die nasorg met inagneming van die ondergenoemde. Enige verandering of byvoeging is onderworpe aan onderhandelinge en aanvaarding tussen die skoolhoof en die beheerraad.

5.1 TYE

Die nasorgdiens moet vanaf 13:00 tot 18:00 beskikbaar wees.
Op die dae wanneer die skool voor 13:00 sluit, moet die nasorgtye dienooreenkomstig aangepas word om die skooltye te akkommodeer.

5.2 HUISWERK / STUDIE

Daar sal van Maandae tot Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00 studie gedoen word in die onderskeie studie klasse. Studie word deur Nasorg Assistente behartig en huiswerk word deur hulle gekontroleer. Sou sport of ander aktiwiteite studie of huiswerk beïnvloed, is daar nog studie / huiswerk tot 16:00.

5.3 TOESIGHOUDING

Alle persone wat by die nasorgsentrum werk moet deur die nasorghoof ingelig word oor die verandwoordelikhede wat op hul rus as toesighouers.

Hierdie persone tree as “loco parentis” vir die leerder op en respek tussen toesighouer en leerder moet aan die orde van die dag wees.

Geen vergunning mag deur ‘n toesighouer aan ‘n leerder verleen word om die nasorg-sentrum se terrein smiddae op hul eie te verlaat nie. Leerders mag slegs deur die ouer of ‘n afgevaardigde van die ouers van die terrein verwyder word.

Enige ongerymdhede, beserings, wangedrag of ander probleme moet onmiddelik aandie nasorghoof gerapporteer word. Insidente word aangeteken en geliaseer.

Alle toesighouers moet ferm, tog liefdevol teenoor die leerders optree. Daar moet onthou word dat leerders lang ure by die skool deur bring en dit moet vir hulle aangenaam wees by die nasorg.

5.4 BESERINGS

Ligte beserings word deur die toesighouers verpleeg. In gevalle waar leerders ernstige beserings opdoen, word die ouers geskakel en indien die ouers onbereikbaar is, word die beseerde leerder vervoer na ‘n dokter met wie die nasorgsentrum ‘n reëling het.

5.5 SEKURITEIT

Sekuriteit is die hoogste prioriteit by die nasorgsentrum. Die toegangshek tot die parkeerarea word gesluit om te voorkom dat leerders in en uit beweeg sonder die toesighouers se medewete.

Kameras is aangewend vir die sekuriteit van die leerders. Daar is ‘n kamera by die ingang van die nasorg, ‘n kamera binne die nasorg, ‘n kamera wat die klimraam wys en‘n addisionele kamera vir die res van die speelgrond.
Vreemdelinge wat die nasorg betree moet dadelik deur die toesighouers gekonfronteer word. Geen ouer of voog mag met ’n ander kind praat / gesels / konfonteer sonder die toestemming van die nasorg personeel. Vir die veiligheid van die leerlinge mag leerders nie by die klein hekkie staan of speel nie.

5.6 DISSIPLINĚRE MAATREËLS

Leerders wat hul skuldig maak aan swak of wangedrag by die nasorgsentrum word aangemeld op ‘n aanmeldingsvorm wat ook dien as rekordhouding van die leerders segedrag. Sodra enige leerder drie (3) keer op die aanmeldingsvorm aangeteken is vir oortredings of swak gedrag, word die ouers genooi vir ‘n gesprek met die nasorghoof en die beheerliggaam verteenwoordiger wat die nasorg as potefilje het.

3 Inskrywings – Praat met ouer / voog
5de Inskrywing – Hoof / Adjunkhoof
10de Inskrywing – BL en Hoof

5.7 FINANSIES

Die administrasie van die finansiële aspekte van die nasorg word deur die skool-boekhouer behartig. Die beheerraad en skoolhoof bepaal die tarief betaalbaar in díe verband. **Indien `n leerder se skoolfonds rekening agter is met betaling, kan ons ongelukig nie die leerder by die nasorg akkommodeer nie.** *Alle skoolgelde moet op datum wees voor `n leerder by die nasorg kan aansluit.*
Nasorg fooie is vooruit betaalbaar.

Alle nasorgfooie is betaalbaar aan die skoolboekhouer voor die **7de** van elke maand. Die persoon in beheer van die nasorgsentrum is verantwoordelik om maandeliks die die skoolboekhouer van die nodige bywonings of kansellasie van dienste sowel as dagbesoekers, volgens die register, te verskaf vir die opstel van rekeninge betaalbaar.

5.8 VAKANSIESORG

Vakansiesorg word gedurende vakansies aangebied in soverre daar voldoende aan-vraag is. Hierdie diens in nie beskikbaar wanneer daar ‘n skoolvakansiedag of ‘n nasionale vakansiedag is nie. ‘n Vakansiesorgbrief met alle besonderhede word vooraf aan die belanghebbende ouers versprei.

6. BYLAES

6.1 Bylaag A – Nasorgaansoekvorm met vrywaring
6.2 Bylaag B

NASORGREËLS

Ouers:

1. Om veiligheidsredes vra ons u om asseblief **ELKE DAG** wat u kind die nasorg bywoon, persoonlik u kind by die hek te kom haal en u kind uitteken in die bywoningsregister. 'n Ouer sal nie sy/haar kind kan neem sonder om uit te teken nie. Dit is vir die beskerming en veiligheid van u kind.
2. Ons versoek ook dat indien u kind nie op 'n spesifike dag die nasorg sal bywoon nie,dit aan die nasorgpersoneel oorgedra sal word. Die nasorg se kontaknommer is: 068 729 3082 (slegs beskikbaar vanaf 08:00 – 18:00) of u kan `n epos stuur na nasorg@brenties.org.za
3. Hieronder volg die reëls vir alle nasorgleerders. Lees die algemene reëls deur en bespreek dit met u kind/ers.4. Nasorg sluit stiptelik om **18:00**
4. Indien daar 'n groot krisisis is moet ons onmiddelik ingelig word.
5. Indien iemand anders u kind kom haal, moet ons asb. in kennis gestel word.

Algemeen reëls vir die leerders:

1. Ete is vanaf 13:00 tot 14:00 en 14:00 – 15:00 vir die sportleerlinge.
2. Om 14:00 word die Gr.1's tot Gr.7's deur assistente kom haal vir studie. By studie word hul aanwesig gemerk en word hul huiswerk gekontroleer. Studie / Huiswerk duur tot 16:00. Sport kinders sal in hierdie tyd geleentheid kry vir Huiswerk / studie.
3. Indien die studieklas oorvleuel met leerders se buitemuurse aktiwiteite, is die ouers verantwoordelik vir hul huiswerk.
4. Vanaf 15:00 speel die leerders tot hul ouers hul kom haal.
5. As hy/sy nasorg- of sportklere het, moet dit dadelik aangetrek word en skoolklere moet netjies in sakke gebêre word.
6. Niemand mag op die rugbyveld, die vierkant of tussen die klasse speel nie.
7. As daar enige ongelukkigheid is moet dit dadelik aan nasorgpersoneel gekommunikeer word.
8. Leerders se besittings en klere moet duidelik gemerk wees.
9. Geen verantwoordelikheid sal geneem word vir verlore items en items wat nie gemerk is nie.
10. Geen kru taal word toegelaat nie.
11. Geen kind mag 'n ander kind seermaak nie.
12. As 'n leerling sy/haar ouers wil kontak, sal die nasorg personeel op die skoolfoon die ouers skakel. Leerlinge moet asb. nie op hulle eie, hul ouers skakel sonder die mede wete van die nasorgpersoneel nie.

Nasorglokaal:

1. Daar is minstens 3 personeel aan diens by die groter leerders en 1 personeel by die PPS aan diens
2. Leerders mag nie hardloop, stoei, skree of stamp, of met balle speel binne die nasorglokaal nie.
3. Leerders mag bordspeletjies speel, teken en blokkies bou in die lokaal.
4. Leerders kan op Vrydae en reënerige dae na gesellekteerd films op televisie kyk.

Toilette:

1. Toeilette moet ten alle tye skoon en netjies wees.
2. Niemand mag speel in die toilette nie.
3. Daar mag nooit twee kinders gelyktydig in die toilethokkies wees nie.
4. Leerders mag onder geen omstandighede die toiletpapier in die toiletbak gooi nie, die toiletspray misbruik, deure van toilette toeslaan, met die ligte speel of met die water mors nie.

Buite:

1. 13:00 – 14:00 = 3 toesighouers buite14:00 – 15:00 = 2 toesighouers buite
   16:00 - 18:00 4 toesighouers buite
2. Snr leerders mag nie met die junior leerders speel nie.
3. Niemand mag klipgooi nie.
4. Vuilgoed moet altyd in asblikke gegooi word.
5. Indien ‘n leerder ‘n venster of enigiets anders breek, is die betrokke leerder se ouers verantwoordelik vir die onkoste om dit te vervang.
6. Leerders mag nie met krieket kolwe / hokkie stokke / rakette speel nie.
7. Leerders mag nie in die bome klim nie.

N.S. Gelukkig het ons oor die algemeen selde probleme met swak gedrag by die nasorg, maar indien u as ouer klagtes van jul kinders ontvang, kan u dit met vrymoedigheid onder die nasorghoof se aandag bring.

Gedragskode
Laerskool Brentwoodpark se naskool sentrum sal dieselfde gedragskode volg as die huidige goedgekeurde gedragskode van die skool.